



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**ONTWERP V1**


**(TEORIE)**

**NOVEMBER 2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

**AFDELING A: ONTWERPGELETERDHEID****VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.****1.1 (Ken 'n maksimum van 2 punte per kolpunt/aspek toe)**

Gestileerde **fatsoene** is dominant in die Basotho kombers. In elke hoek van die kombers is 'n plat, figuratiewe fatsoen uitgebeeld wat met 'n Basotho hoed ooreenstem.  Tussen elke hoed word 'n sterk vereenvoudigde, plat silhoeët van 'n krygsman, wat 'n assegaai en knopkierie vashou, gesien.  'n Groot, cloisonnistiese/sterk swart buitelyne met 'n vierblaarpatroon fatsoen vul meeste van die middel area van die kombers en jou oog word na 'n sirkelvormige fatsoen, in die middel van die ontwerp gelei.  Die gestileerde, plat en meestal geometriese fatsoene is tipies van Afrika ontwerp.

Die gebruik van diamant en isometriese ruitpatrone in die kombers skep 'n variasie van **toonwaardes**.  Die middelpunt van die ontwerp is gevul met 'n plat, kontrasterende donkergrys toonwaarde.  Die vier gestileerde krygsman fatsoene is opvallend aangesien hulle met 'n soliede swart-en-wit buitelyne omlyn is, wat 'n sterk tonale kontras skep.  Die kombers maak gebruik van 'n achromatiese, neutrale kleurskema.

Die sterk dekoratiewe kwaliteit van die Basotho kombers word verhoog deur 'n verskeidenheid van herhalende **patrone**.  Die herhaling van die diamant en isometriese ruitpatrone skep 'n sagter reeks van soortgelyke toonwaardes.  In kontras, skep die herhaling van gestileerde hoede en die fatsoen van die krygsmanne, 'n sterk en dramatiese patroon.

Die kombers is simmetries **gebalanseer** weens die visuele gewig wat 'n vertikale en horisontale spieëlbeeld vorm.  Die kombers kan ook as straalgewys gebalanseerd gesien word aangesien die totale ontwerp van die sentrale sirkelvormige motief vertikaal, horisontaal en diagonaal, straalgewys uitbeweeg.

**Eenheid** is geskep deur die herhaling van organiese, geometriese en figuratiewe fatsoene en patrone.  Die eenheid is versterk deur die herhaling van die diamant ruitpatroon om die buitekant van die kombers en die herhaling van lyne op die hoede wat mandjieweef suggereer.  Die verenigde, sterk buitelyne van die hoede, lei die oog na die fokuspunt.  Eenheid word ook geskep deur die sterk omlynde vierblaarfatsoen wat die los fatsoene verenig tot een groot fatssoen.

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings.**

V1.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1	4
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.1	2
	Evalueer, Reflekteer			1
	Sintetiseer, Regverdig			

**OF**

## 1.2 (Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe)



'n Dik, cloisonnistiese **lyn** is gebruik om elke fatsoen te omlin, wat 'n sterk dekoratiewe ontwerpproduk skep. ☑ Reguit- en sigsaglyne word afgewissel met gekromde lyne wat 'n lewendige oppervlakteffek, skep. ☑

Die Mebala leertas deur Moeletsi is 'n stewige, driedimensionele, geometriese **vorm**. ☑ Dit is reghoekig en hol; wanneer dit oopgemaak is, sal dit ruimte hê om items binne in die tas te plaas. ☑ Die sagte organiese vorm van die handvatsel kontrasteer met die blokagtige vorm van die tas. ☑

Die visuele **tekstuur** van die tas is glad gevef wat 'n meganiese gladde gevoel gee. ☑ Die handgemaakte randte is rof afgewerk en verleen 'n tasbare gevoel. ☑

Die voorkant, agterkant en kante van die tas is met 'n **patroon** bedek wat uit 'n verskeidenheid van fatsoene bestaan wat rondom 'n sentrale punt herhaal is; die rooi sirkel met die pienk hartvorm binne. ☑ Die gesatureerde kleure en fatsoene wat in die patroon gebruik word, kan deur amaNdebele muurskildery beïnvloed wees. ☑

Die patrone op die tas bestaan uit hoofsaaklik geometriese fatsoene. Die gebruik van 'n paar organiese fatsoene tussen hierdie geometriese fatsoene, skep **variasie** in die ontwerp. ☑ Variasie is ook verkry deur die gebruik van beide klein en groot driehoeke en klein en groot sirkels, sowel deur beide warm en koue kleure, te gebruik. ☑ Hierdie variasie maak die produkontwerp lewendig en vol energie. ☑ Die kombinasie van sintetiese verf met die natuurlike leer verseker ook dat die produk gevarieerd en lewendig is. ☑

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

V1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.2	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.2	4
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.2	2
	Evalueer, Reflekteer			1
	Sintetiseer, Regverdig			

**VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]**

## 2.1



## 2.1.1 (Ken 2 punte toe)



Die plakkaat wys mans wat uittartend na 'n vrou skreeu.  Die stereotipe is geslagsdiskriminasie, m.a.w. net mans 'wolffluit'.  'n Ander stereotipe in die plakkaat is dat slegs Swart mans verantwoordelik is vir die fluit na vrouens.

Vroue word altyd gesien as voorwerpe wat mans se begeertes vervul.  Die plakkaat wys hoe die mans na die vrou staar, wie duidelik ongemaklik lyk met die wyse waarop sy geobjektiveer word.

## 2.1.2 (Ken 2 punte toe)

Die vrou se arms is gevou om haar ongemak aan te dui  en haar gesig frons om haar misnoeë teenoor die fluitroepe en mans se kommentaar, te wys.  Hierdie versterk die boodskap dat vroue nie daarvan hou om geobjektiveer te word as seksuele kommoditeite nie.

## 2.2 (Ken 6 punte toe. 'n Maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek)



FIGUUR D maak gebruik van organiese **materiaal** soos gras en hout om 'n aardse, natuurlike gevoel te skep,  terwyl FIGUUR E 'n industriële gevoel skep deur meestal harde metaal, te gebruik.  FIGUUR D lyk sag en subtiel as gevolg van die gebruik van riete  verskillend van FIGUUR E wat hard lyk, weens die gebruik van sterk staal, versag is deur houtplanke wat 'n kromlynige sitplek skep.  Die tekstuur van die muur van FIGUUR D lyk riffelagtig en soortgelyk aan grasmatte  terwyl FIGUUR E verskil as gevolg van die laaghout sitplek en skerp hoekvormige bene wat glad en koud voorkom.  FIGUUR D is duidelik **beïnvloed** deur die mandjies van inheemse kulture van Suider-Afrika  terwyl die skerp, hoekige sig-sag patroon van die bank se bene in FIGUUR E deur die geometriese gefasetteerde vorms van Kubistiese/Dekonstruktivistiese werke beïnvloed kan wees.  Die kleur van FIGUUR D is aards en kan deur Afrika estetika beïnvloed wees,  terwyl FIGUUR E helderkleure gebruik wat deur moderne, Westerse

ontwerpbewegings soos Popkuns en Postmodernisme beïnvloed is en dit kom sinteties voor.☑

FIGUUR D funksioneer as 'n bank wat sosiale afstand toelaat en wat twee mense aan elke kant laat sit van 'n 'skeidsmuur'.☑ In kontras hiermee, laat FIGUUR E duidelik geen sosiale afstand toe nie.☑ Dit is heelwaarskynlik ontwerp vir universiteitskampusse wat sosialisering in groepe aanmoedig.☑ FIGUUR D funksioneer ook om 'n trotse gevoel in inheemse kunshandvlyt te inspireer en om 'n bewusmaking en voortbestaan van hierdie kunshandvlyt te verseker.☑ Beide banke het wegbeweeg van tradisionele banke af en funksioneer nou op 'n unieke en onkonvensionele wyse.☑ FIGUUR D se sitplek is glad en plat en meer gemaklik om op te sit, teenoor die golwende riffels wat deur die houtplank sitplek van FIGUUR E gevorm is.☑

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 2 punte mag toegeken word vir 'n tabelvorm vergelykende antwoord. Gebruik die kognitiewe tabel as 'n riglyn.**

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

V2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	2.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		2.1.2	1
Middel Orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.1.1	1
			2.1.2	1
			2.2	2
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	2.2	2
	Evalueer, Reflekteer		2.2	2
	Sintetiseer, Regverdig			

### VRAAG 3: ARGITEKTUUR [10 punte]

(Ken 10 punte toe)

(Ken 'n maksimum van 2 punte vir elke kolpunt/aspek toe)

#### 3.1



Die Romeinse Temple van Portunus (FIGUUR F) het oorspronklik **gefunksioneer** as 'n voorbeeld van Romeinse Republikeinse argitektuur wat 'n visuele stelling oor die manjifieke Romeinse Keiserryk gemaak het.☑ Die Şakirin-moskee (FIGUUR G) funksioneer as 'n plek van aanbidding vir die Moslemgemeenskap.☑ Die lang toringagtige minarette wat langs die slanke aluminium bedekte koepel van die Şakirin-moskee staan, word gebruik om die Moslem gemeenskap tot gebed toe te roep.☑ Die funksie van die tempel van Portunus is nie om aanbidders te akkommodeer nie, maar om die kultusbeeld van Portunus in die cella te huisves, terwyl die enkele koepel van die Şakirin-moskee 'n gebedsaal vir aanbidders het.☑

Die Romeinse tempel was **geïnspireer** deur die Romeinse god toegewy aan Portunus, 'n jeugdige god geassosieer met waterkruisings en seehawes. ☑ Die Moskee was geïnspireer deur die herinneringe van Ibrahim en Semiha Şakir en is deur hul kinders gebou. ☑ Die moskee se naam is 'n refleksie van die familie naam, maar dit het ook die literêre betekenis in Arabies van 'die wat dankbaar is' (aan God). ☑ Die reghoekige vloerplan van die Romeinse tempel toon die **invloed** van die Etrusker aan, 'n antieke Italiaanse gemeenskap wat voor die Romeine dateer. ☑ Daar is ook 'n Griekse invloed sigbaar in die tempel se Griekse Ioniese kolomme. ☑ Die moskee is geïnspireer deur Ottoman argitektuur met die gebruik van twee toringagtige minarette. ☑

Die **vorm** van die tempel van Portunus is blokagtig en reghoekig wat mag en stabiliteit suggereer. Dit rus op 'n hoë podium ('n opgeligte platform) wat die tempel lig en die ontwerp promeneensie gee. ☑ Die Şakirin-moskee se struktuur is gedomineer deur die slanke, metaal koepelvorm met twee smal minarette aan beide kante. ☑ Die groot koepel is geskep deur vier oorkruisende boë wat 'n wydstrekkende dinamiese estetika skep en is op 'n stewige vierkantige basis opgerig. ☑

Die **materiaal** wat gebruik is om die tempel van Portunus te bou, is duursame, plaaslik gemynde travertien (kalksteen) en tufkryt (bakstene van vulkanies klip). ☑ Die eksterieur van die tempel was oorspronklik gepleister om Griekse marmer na te boots. ☑ Die enkele koepel van die Şakirin-moskee was deur die argitek Hüsrev Tayla ontwerp en is van 'n saamgestelde aluminium materiaal gebou. ☑ Die koepelstruktuur is bedek in visskub-agtige aluminiumpanele en die fasades is met 'n donker klip en aluminiummaasdraad, afgewerk. ☑ Donkergrys klip kontrasteer met die ligte metaalagtige materiaal en die oop binneruimte. ☑

Beide geboue het dekoratiewe elemente. Terwyl die Romeinse tempel se versiering meestal aan die buitekant is, is die moskee se dekor aan die binnekant. ☑ Die horisontale strook wat langs die boonste gedeelte van die buitemuur van die Romeinse tempel loop, is met 'n lewendige kombinasie van sierkranses, engeltjies, kandelaar, en die populêre antieke *bucranium* of os-skedelmotiewe **versier**. ☑ Die interieur van die Moskee is elegant en bevat 'n groot asimmetriese kandelaar, wat met klein hangende waterdruppelvorm gloeilampe bedek is. ☑ Die grasieuse kurwende *minbar* is van 'n roomkleurige akriel gemaak en is met 'n elegante ontwerp van blare en angeliere bedek, wat die heelal verteenwoordig en wat van 'n afstand soos kalligrafie lyk. ☑ Die prominente *mihrab* is 'n lewendige turkoois en goud, en was deur die historiese Selçukpatrone geïnspireer. ☑

OF

- 3.2 **Die leerder moet enige kontemporêre gebou met enige Klassieke gebou wat hul bestudeer het, volgens die gegewe kolpunte vergelyk. Ken 2 punte per kolpunt toe. Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

OF

### 3.3 Vergelyking van 'n Klassieke gebou en 'n Inheemse Kennisstelsels(IKS)-gebou/struktuur.

#### Gekose geboue: Die Pantheon en die amaNdebele hut

**Ongeveer** 2000 jaar gelede, toe die Romeinse Ryk op sy hoogtepunt was, was die Pantheon deur die Romeine gebou om as 'n plek van aanbidding te **funksioneer**.☑ Die inheemse amaNdebele hutte funksioneer as 'n woning van die AmaNdebele mense en vorm deel van die amaNdebele kraal wat tradisioneel in 'n kringvormige uitlegplan gerangskik is.☑

Die Romeinse styl van die Pantheon is deur die Griekse en Miceense argitektuur **beïnvloed**. Dit is sigbaar in die kolomme wat op die kolonnade staan en in die gewelddriehoek.☑ Die koepel toon Romeinse argitektoniese prestasie aan wat moontlik gemaak was deur die uitvinding van beton.☑ Die amaNdebele hut was beïnvloed deur die ander inheemse stamme wat in Suid-Afrika geleef het, soos die AmaZulu en die beskikbaarheid van materiaal vir bou bv. gras, modder en wattel.☑ Na die Boer-AmaNdebele konfrontasie van 1833, het die AmaNdebele na droër areas beweeg en die kegelsilinderfatsoen woning was met 'n reghoekige fatsoen vervang.☑

In kontras met die reghoekige **konstruksie** van die kolonnade van die Pantheon wat mag en stabiliteit verteenwoordig, was die oorspronklike voor-boer konfrontasie amaNdebele hutte in 'n silindriese vorm gebou.☑ Die amaNdebele hutte word gebou met dik, soliede mure sonder enige sigbare vensters, soortgelyk aan die Pantheon wat 5m dik mure, sonder enige sigbare vensters, het.☑ Die amaNdebele hut het 'n kegelvormige rietdak, waar die Pantheon 'n kofferpaneel koepel het.☑ 'n **Tegnologiese** prestasie van die tyd is sigbaar in die Pantheon se okulus, 'n opening in die middelpunt van die koepel wat die enigste bron van lig in die tempel is.☑ Die amaNdebele hutte maak gebruik van soortgelyke tegnologie met die opening in die punt van die kegelgevormde dak wat sonlig en skoon lug in die hut inlaat.☑ Rook van kosmaakvure ontsnap ook vanuit dié opening.☑

Die dik, swaar mure van die Pantheon was gebou van 'n Romeinse beton **materiaal** bekend as messelklei. ☑ Op die boonste gedeelte van die koepel, is 'n ligter tipe beton, tufkryt, gebruik. ☑ Die gebruik van die kofferpanele in die dak help om die gewig van die massiewe koepel, te verminder.☑ Die tradisionele amaNdebele hut se gebruik van plaaslikebronnemateriaal is soortgelyk. Die mure word van 'n latraamwerk uit wattelhout, pale en stokke gemaak wat dan met modder en beesmis gesmeer word.☑ Die dak van die hut is met dekgras gemaak, maar die tempel het 'n spitsdak wat met teëls van hout bedek is.☑ In kontras met die vloere van die amaNdebele hut, wat met aardse beesmis geseël word was die vloere van die Pantheon van luukse marmer gemaak.☑

Die Pantheon was op 'n betekenisvolle **terrein/ligging**, die presiese ligging van twee vorige Pantheon geboue wat beide afgebrand het, gebou.☑ AmaNdebele huise word op effens geligte terreine gebou wat goeie dreinerings binne die sentrale kraal-area waarborg en om sigbaarheid in die geval van 'n vyandige aanval, te verseker.☑

**Krediet moet gegee word vir enige ander geldige stellings of vergelyking van 'n Klassieke en kontemporêre gebou of Klassieke en Inheemse Kennisstelsel struktuur wat die kandidaat bestudeer het.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir 'n tabelvorm vergelykende antwoord. 'n Maksimum van 6 punte mag toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle skryf wat 'n voldoende vergelyking toon. Gebruik die kognitiewe tabel as 'n riglyn vir jou puntetoekenning.**

V3 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.1, 3.2, 3.3	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			2
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.1, 3.2, 3.3	4
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3.1, 3.2, 3.3	1
	Evalueer, Reflekteer			2
	Sintetiseer, Regverdig			

**TOTAAL AFDELING A: 30**



**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS****VRAAG 4 [30 punte]****4.1 Ken 20 punte in totaal toe.**

**Ken 10 punte vir elke beweging toe: 5 punte in totaal vir doelwitte, invloede en karaktereienskappe; 2 punte vir 'n bespreking van die ontwerpvoorbeeld, 1 punt vir die naam van die ontwerper en ontwerp en 2 punte vir die verwysing na die stelling in die konteks van die ontwerp beweging.**

**LET WEL: SLEGS EEN punt toegeken kan word vir die naam van die ontwerper en ontwerp van elke beweging. Maak gebruik van die kognitiewe vlakke as riglyne.**

Hierdie nasienriglyne verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:

- **POPONTWERP**
- **DE STIJL**

**POPONTWERP**

Popontwerpers se **doel** is om abstrakte kuns te verwerp wat slegs deur 'n minderheid waardeur word en om ontwerpe te skep wat by meer **mense** populêr is.☑ Popontwerpers kan daarom gesien word as akkommoderend ten opsigte van die mens se behoeftes.☑ Hulle doel is om ontwerpe te skep, wat die populêre, daaglikse en stadskultuur van die 1960s reflekteer en vier.☑ Hulle doel is ook om ontwerpprodukte in massa te produseer en bekostigbaar vir die algemene publiek te maak en so aan die mense te bewys dat hul behoeftes in ag geneem word.☑

Popontwerpers was **beïnvloed** deur massaproduksie in hul gebruik van supermarkprodukte vir inspirasie.☑ Hulle was ook beïnvloed deur populêre filmsterre van die tyd (bv. Marilyn Monroe en Elvis Presley), kitskos (bv. hamburgers), die Wetenskap Eeu (bv. vuurpyle, ruimtemanne en planete), elektroniesetoestelle (bv. stofsuiers en bandopnemers) en alledaagse objekte (bv. grawe, kragproppe, wasgoedpennetjies, speelkaarte).☑ Ander invloede was die Anti-Ontwerp beweging wat konvensionele norms bevraagteken het en onverwagte vorms en beelde gebruik het om beelde wat humoristies en lagwekkend is, te ontwerp.☑ Die invloed van Opkuns en Kinetiese Kuns kan in Popontwerpers se gebruik van eenvoudige, sterk en opvallende patrone gesien word.☑

**Karakteristiek** van Popontwerp is hul gebruik van vloeibare, golwende, organiese vorms wat vriendelik/menslik en vol beweging is.☑ Die skerpbelynde, koue vorms van die Bauhaus word verwerp omdat dit as onpersoonlik gesien word.☑ Weens tegnologiese ontwikkeling in chemie, het 'n groter variasie van kleur beskikbaar geword. Kleure is helder, kunsmatig en prettig, wat die **menslike** behoefte vir ontvlugting en vermaak, aangespreek het.☑ Die gebruik van humor en skerpsinnigheid in Popontwerp, byvoorbeeld 'n bank wat 'n bofbalhandskoen naboots, is bewys ook die ontwerpers se belang om lighartige, vermaaklike en snaakse ontwerpe, te skep.☑ Verdere voorbeelde van Popontwerp se doelwitte is om die **behoefte** van alledaagse mense aan te spreek met die gebruik van kitsch, waar ontwerpe met geen mening geskep is, om onmiddellik ons sintuie aan te trek.☑

Materiaal toon ook die ontwikkeling van nuwe prosesse: laaghout is vormbaar, wat nuwe, ongewone hout vorms, kan skep.☑ 'n Nuwe metode van inspuitsgietplastiek bied ook ongewone, golwende plastiek produkte met 'n skerpsinnige kwaliteit.☑

**Een voorbeeld van Popontwerp is die Olifant stoel deur Rancillac.☑**



Die nuwe tegnieke van inspuitsgietplastiek is gebruik om een vloeibare en golwende vorm, wat die mens se behoefte om gemaklik te sit, te bevredig.☑ Die stoel is ten volle van suiwer, helder rooi plastiek gemaak, wat tipies is van Popontwerp se liefde vir die nuwe, sintetiese kleure en materiaal.☑ Die vorm is onkonvensioneel, skerpsinnig en lighartig, ☑ wat spreek tot meeste mense se smaak.☑

## DE STIJL

De Stijl ontwerpers se **doelwit** was om perfek gebalanseerde en reëlmatige ontwerpe te skep om orde te toon na die verwoesting van die Eerste Wêreldoorlog.☑ Hulle doel was om deur eenvoud, kalmte en orde aan die behoeftes van **mense**, te voldoen.☑

Hulle was **beïnvloed** deur die Nederlandse tradisie van logika, suiwerheid, strengheid en wiskundige orde.☑ Hulle was ook deur 'n oosterse filosofie genoem Teosofisme beïnvloed, wat na 'n perfekte balans tussen teenoorgesteldes gestreef het.☑ Hierdie filosofie het ook geglo dat deur die verwerping van individualiteit vir abstraksie, die **mens** se behoefte vir harmonie en balans, bevredig sal word. Hul eenvoudige ontwerpe het die behoefte vir esteties bevredigende, eenvoudige, laekostebehuising vir verstedeliking, bevredig.☑

Om 'n totale abstrakte, gebalanseerde en stabiele komposisie te skep, het De Stijl ontwerp **karakteristiek** van reguitlyne, vertikale en horisontale lyne, gebruik gemaak.☑ Die resultaat was 'n rooster wat uit plat, asimmetries gebalanseerde, geometriese vierkante en reghoeke bestaan, wat die nuwe masjien-eeu voorstel en as die antwoord vir die mensdom se behoeftes beskou kan word.☑ 'n Tipiese karaktereienskap van De Stijl is om slegs van die drie primêre kleure; geel, blou en rooi, en die neutrale kleure swart, wit en grys, gebruik te maak, om duidelike en kalm ontwerpe te skep.☑ Hierdie balans, stabiliteit en kalmte reflekteer die poging om oplossings vir die benodighede van gebroke **mense** in 'n na-oorlogse samelewing, te vind. Die gladde teksture van die ontwerpe dra by tot die algemene gevoel van kalmte.☑

**Een voorbeeld van 'n De Stijl ontwerper en produk is 'De Stijl' tafel deur Grey.☑**

Die tafel is 'n goeie voorbeeld van De Stijl se gebruik van eenvoudige kubusse, reguit, vertikaal en horisontaal lyne om 'n ontwerp te skep wat aan die behoefte vir eenvoud en suiwerheid voldoen.☑ Die funksie van die tafel toon duidelik 'vorm-volg-funksie' en word nie deur versiering weggesteek nie, wat tipies van De Stijl-ontwerpe is.☑ Dit pas op verskeie maniere die behoeftes van **mense**; dit dien as 'n tafel; dit verskaf stoorplek en is goed gebalanseer, suiwer in vorm en dra 'n gevoel van harmonie oor.☑

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

V4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			4
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.1	8
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.1	2
	Evalueer, Reflekteer			4
	Sintetiseer, Regverdig			

**4.2 [10 punte] (Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir elke kolpunt/aspek)**

Die **lyne** van die kubusse in FIGUUR H is meestal reguit en vertikaal wat die ontwerp 'n sterk, rigiede en meganiese kwaliteit gee.☑ In kontras hiermee, is FIGUUR I speels en vol beweging weens die dominante sirkelvormige lyne.☑

In beide kandelare domineer neutrale **kleure** wat tipies van die bewegings waaraan hul behoort, is. Hierdie dominante gebruik van neutrale kleure dra 'n kalm teenwoordigheid in beide ontwerpe oor.☑ Die kandelaar in FIGUUR H is hoofsaaklik swart wat dit 'n meer ernstige, swaar gevoel gee terwyl FIGUUR I ligter voel weens die dominante ruimte en sterk wit.☑ Die bruin houtgedeeltes in FIGUUR I voeg 'n warmte aan die kandelaar, wat nie sigbaar in die meganiese FIGUUR H is nie.☑

FIGUUR H bestaan uit 'n asimmetries gerangskikte tros van kubieke **vorms** wat dit 'n soliede gevoel gee.☑ Hierdie gebruik van blokagtige vorms is tipies van modernistiese argitektuur en vroeë modernistiese bewegings soos Bauhaus en De Stijl.☑ FIGUUR I is minder solied en bestaan uit 'n sentrale simmetriese, ronde vorm wat aan elegante wielspeke herinner.☑ Van die sentrale wiel hang ronde, bolagtige gloeilampe aan kegels. Hierdie kombinasie van masjenagtige, reguit lyne en elegante, effens gekromde organiese vorms in FIGUUR I is tipies van Skandinawiese ontwerpe.☑

FIGUUR H bestaan meestal uit harde, gladde, blink swart **materiaal** wat metaal of plastiek kan wees.☑ Die masjiengemaakte materiaal, saam met die deursigtige glas om die rante van die kubusse, dra 'n industriële gevoel oor wat tipies van Modernisme is.☑ FIGUUR I het 'n meer natuurlike, organiese gevoel as gevolg van die gebruik van hout.☑ Skandinawiese ontwerpe kombineer gereeld hout met vervaardigde materiaal soos plastiek of metaal.☑

Die Modernistiese kandelaar in FIGUUR H toon die **invloed** van Kubisme en De Stijl in sy gebruik van reguit lyne en kubistiese vorms wat 'n masjien estetika, vier.  Die Skandinawiese kandelaar in FIGUUR I toon ook die invloed van die masjien era aan in die fokus op onversierde, suiwer vorms en skoon organiese lyne.

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag toegeken word vir 'n tabelvorm vergelykende antwoord. 'n Maksimum van 7 punte mag toegeken word waar kandidate twee aparte opstelle skryf wat 'n voldoende verklaring/vergelyking toon. Gebruik die kognitiewe tabel as 'n riglyn vir jou puntetoekenning.**

V4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.2	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			1
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.2	2
	Evalueer, Reflekteer			1
	Sintetiseer, Regverdig			

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

### VRAAG 5 [20 punte]

#### BEANTWOORD OF VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.

##### 5.1



##### 5.1.1 (Ken 2 punte toe)

Hierdie advertensie veldtog handel oor geslag/ nie-binêre identifikasie/klassifikasie op 'n alles-omvattende en inklusiewe/eksklusiewe wyse.  Die twee geplaasde blokke bevestig en erken manlik en vroulik identiteite.  Die insluiting/uitsluiting van 'n derde blok wat tussen twee vingers vasgehou word, is bygevoeg/uitgehaal om die +Trans-geslag identiteit LGBTQ+, in/uit te sluit.

##### 5.1.2 (Ken 2 punte toe)



Die keuse van beelde dra almal by om 'n sterk boodskap oor te dra. Dit is duidelik dat beide insittendes van die motor (die manlike bestuurder en sy vrou) se aandag is afgetrek en met iets anders behep, wat ons bewus maak van potensiële gevaar. Die bestuurder se fokus is op sy foon en sy vrou probeer om op 'n groot padkaart hul bestemming te vind, hul sig van die pad is geblokkeer.  Hulle is ook na mekaar gedraai, nog 'n leidraad aan die toeskouer dat die bestuurder roekeloos is en nie sy oë op die pad hou nie.  In die truspieëltjie binne-in die motor, sien ons 'n gedeelte van hul baba se gesig wat die kwesbaarheid van hul eie kind op die agterste sitplek, aandui.  Buite, voor die motor, is 'n skreeuende voetganger wie binnekort deur die motor omgery gaan word.  Die skreeuende mond is 'n in kontras met die onoplettende gesigte in die motor wat die ernstigheid van hul nalatigheid beklemtoon.  Die ontwerper het slim die gesig van die baba binne die motor en die skreeuende voetganger leerder wat buite is, oormekaar geplaas om onverantwoordelike en roekelose bestuur, te beklemtoon.  Op die voorste vensterskerm van die motor, is die konsep van die plakkaat in grys en rooi hoofletters gedruk 'Dink aan beide kante'. Hierdie is 'n waarskuwing aan alle bestuurders om, terwyl hul bestuur, die veiligheid van hul passasiers, sowel as voetgangers, te oorweeg.

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings**

5.1.3 **Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevalle studie: 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die ontwerp, 5 punte vir die bespreking van die doelwitte, algemene karaktereenskappe, materiaal en prosesse en 2 punte vir die bespreking van die ontwerpvoorbeeld.**

### **EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER/ONTWERPGROEP**



#### **Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en ontwerpproduk**

Kat van Duinen se 'Practical Magic Collection'.

#### **Bespreek die doelwitte, algemene karaktereenskappe, materiaal en prosesse van die ontwerper**

Kaapstad gebaseerde modeontwerper Kat van Duinen se mode-reeks is geïnspireer deur haar reaksie op die COVID-19 pandemie. Kat van Duinen se **doelwit** is om die manier hoe ons die gesigmasker sien, m.a.w. 'n bykomstigheid vir beskerming, na 'n modebykomstigheid wat 'n stelling maak, te verander. Van Duinen sê dat mode nog altyd 'n manier was vir selfuitdrukking: 'Jy kan nog steeds jou eie unieke identiteit beklemtoon, selfs al steek die masker jou gesig weg.' Die netrokke in lae en masker bykomstigheid moet nie gesien word as 'n uitrusting wat slegs op spesiale geleenthede gedra word nie. Hierdie skeppinge kan gedra word om die mees gewone take, soos inkopies, te doen. Die spoggerige 'Mode teen Covid geriffelde masker' is van blink metaalagtige chiffon **materiaal** gemaak, wat baie aandag na die draer sal trek. Alternatiewelik is die sagte, maklik drabare 'kliniese masker' van sagte, wit, geriffelde katoen, vir die minder ekstroverte lede van die samelewing gemaak. 'n Handgemaakte **proses** word gevolg wat verskeie lae van materiaal insluit, deur die gebruik van opvallende fatsoene en luukse eksotiese bronne.

#### **Bespreek EEN voorbeeld wat verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessies aanraak**

Kat van Duinen beoog om haar maskers as 'n vorm van sielkundige spanningsvermindering, te gebruik. Van Duinen se 'Practical Magic Collection' verskaf 'n geleentheid vir 'n kinderlike ontvlugting. Die ontwerpproses handel oor probleemoplossing en dit is die ontwerper se verantwoordelikheid om mense se lewens te verbeter. Die pandemie het 'n negatiewe impak op die mode-industrie gehad. Mense het nie op-bestelling-gemaakte of korporatiewe klere benodig nie, omdat daar geen sosiale vergaderings was om by te woon nie. Gemaksklere was in die huis gedra en modeontwerpers moes hul styl en reekse heroorweeg om aan die 'nuwe normaal', te voldoen.

## EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERP GROEP



### Naam van die ontwerper/ontwerpgroep en hul ontwerpproduk

'Selfhelpwassery van Drome' deur Yinka Ilori.☑

### Bespreek die doelwitte, karaktereienskappe, materiaal en prosesse van dié ontwerper

Ilori se **doelwitte** vir die installasies is om die komplekse rol van selfhelpwasserye in gemeenskappe te erken deur die kreatiwiteit en opgewektheid van kinders te gebruik.☑ Die wassery se doel is om die konsep van hierdie alledaagse gemeenskapsruimte te hernu tot 'n area vir kinders om in te sosialiseer en veilig te speel terwyl hul ouers die wasgoed doen.☑

Die **materiaal** wat vir die installasie gebruik is bestaan uit meer as 200,000 Lego-blokkies, wat beide die strukturele materiaal vorm en wat as speelgoed vir die kinders gebruik kan word.☑ 'n **Karaktereienskap** van 'Launderette of Dreams' wys Ilori se kenmerkende helderkleure en geometriese fatsoene oor die wasmasjiene en op die mure van die winkel en winkelvenster.☑

Ilori het kinders van sy vorige skool uitgenooi om deel van die proses te wees deur hul te vra hoe hul die ruimte sou bou om die gemeenskap te verenig.☑ Kinders word gevier as 'die meesters van kreatiewe probleemoplossing'.☑

Ilori was geïnspireer deur sy kinderherinnerings van speel by sy plaaslike wassery in Noord Londen, waar hy gereeld oor dinge wat hy in sy lewe wou behaal, gedroom het. Alledaagse plekke kan 'n belangrike rol speel om gemeenskappe van verskillende agtergronde bymekaar te bring, en kan ook 'n geleentheid skep vir kinders om te ontmoet, speel en idees te deel.☑ 'Gemeenskapwasserye is noodsaaklik vir die DNA van baie gemeenskappe' sê Ilori. Die 'Launderette of Dreams' poog om beide kinders en volwassenes te inspireer om te droom om net wat hul begeer te skep.☑

### Bespreek EEN voorbeeld wat verduidelik hoe hierdie ontwerp sosiokulturele kwessie(s) aanspreek

Die installasie wat deel van die Lego Groep '*Rebuild the World advertensieveldtog*' is, het interaktiewe 'wasmasjiene' wat met kaleidoskoop-lig-installasies gevul is.☑ 'n Lego-muur moedig toeskouers aan om die Lego-blokkiesontwerp te bou, af te breek en te herbou. 'Hopscotch' is op die vloer afgemerk om die gewone tradisionele ruimte van 'n selfhelpwassery in 'n speelarea vir kinders te verander.☑

### Gee krediet vir enige ander geldige stellings

V5.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.1.1 + 5.1.3	1 +1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.1.2 + 5.1.3	1+1
			5.1.3	2
Middel Orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.1	1
			5.1.2	1
			5.1.3	6
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.1.3	2
	Evalueer, Reflekteer		5.1.3	4
	Sintetiseer, Regverdig			

### 5.2.1 (Ken 2 punte toe)

Die kunsvlyt skep werkseleenthede en 'n inkomste vir meesterhandwerk vakmanne soos Angeline Bonisiwe Masuku of die geleentheid vir gemeenskappe om met hul tradisionele praktyke aan te gaan.  Die aankoop van hierdie kunsvlyt produkte stimuleer die Suid-Afrikaanse ekonomie deur dat dit verseker dat toeriste en die plaaslike gemeenskap in plattelandse gemeenskappe belê om hul groei te verseker.  Hierdie meesterskunsvlytprodukte verseker 'n gereelde vloei van toeriste na Suid-Afrika wat unieke kunsvlytprodukte koop en hierdeur buitelandse geld in die plaaslike ekonomie belê.

### 5.2.2 (Ken 8 punte toe): 1 punt vir die tradisionele kunsvlyt/inheemse kulturele gemeenskap, 5 punte vir die bespreking van die materiaal, metodes en prosesse en 2 punte vir die sosiale waarde en funksie van die kunsvlyt.



**Naam van EEN tradisionele kunsvlyt/inheemse kulturele gemeenskap wat 'n tradisionele kunsvlyt produseer**

**Die gekerfde Boraati Kopstut deur die Ethiopiese Oromo mense**

**Die materiaal, metodes en prosesse wat gebruik is in die skep van tradisionele kunsvlyt:**

Die gekerfde Boraati Kopstut deur die Oromo mense is van 'n enkele stuk, lig of geelbruin hout gemaak wat uit 'n geometriese voetstuk, kolom en plat vorm bestaan.  Terwyl die buitekant hoogsgepolitoer is met diervet, olie en pigmente van die gebruiker se hare,  is die growwe interieur van die bande met donker afwisselende bande van rooi en swart pigment gekleur.



**Die sosiale en funksionele waarde van die kunsvlyt:**

Kopstutte word gereeld na verwys as kussings of nekstutte en hierdie houtraamwerke ondersteun die kop by die kakebeen.☑ Vir Westerlinge lyk dit besonders omgemaklik maar let op dat die kopsteun 'n gesonde ruggraat posisie aanmoedig en dit funksioneer op 'n ergonomiese manier.☑ Die gekerfde Kopstut van die Oromo mense van Ethiopië is 'n *Boraati* genoem ('tomorrow-you'). Hierdie kopstut was gebruik om die ingewikkelde haarstyle van die eienaar tydens slaap mooi te hou.☑ Hierdie Boraati kopstutte beskerm ingewikkelde haarstyle van stof of keer dat dit platgedruk word.☑

As gevolg van die feit dat hulle rondgedra kan word, was kopstutte baie deur die inheemse groepe van Ethiopië gebruik.☑ Deesdae word hulle selde gebruik omdat meeste van die boere na die stede toe getrek het.☑ Dit is belangrik om kennis te neem dat binne die konteks van Afrika-kunsvlyt was hierdie kopstutte as sosiaal funksionerende objekte gewaardeer en nie as dekoratiewe kunsvoorwerpe wat in museums of galerye vertoon is nie.☑

Die kerf van hierdie **Boraati-houtkopstutte** deur die **Oromo-mense** van Ethiopië het glo twee-tot-driehonderd jaar terug begin. Die kegelvormige voetstuk van die kopsteune bestaan uit 'n hol interieur.☑ Op die oppervlak van die kegel is gekerfde konsentriese lyne. Die boonste gedeelte van die voetstuk het nege ringe wat in groepe van ses of drie verdeel is, terwyl die onderste gedeelte agt ringe het wat in groepe van drie en vyf verdeel is.☑ Die voetstuk is aan die plat vorm deur 'n buisvormige kolom geheg, wat ook met drie konsentriese ringe ingesny is. Die saalvormige stut loop na beide kante dunner.☑

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

5.2.3 (Ken 10 punte toe): 1 punt vir die naam van die ontwerp/ontwerpgroep en hul produk(te), 4 punte vir doelwitte en invloede en 5 punte vir hoe tradisionele tegnieke/metodes en materiaal tot die relevante kontemporêre ontwerp toegepas is.

**Naam van die ontwerp/ontwerpgroep en hul produk(te):**

**Jomo Tariku** is 'n kontemporêre industriële ontwerper van Ethiopië wie in **2018** die **Njala stoele** geskep het.☑

**Doelwitte en invloede:**

Jomo Tariku se **doelwitte** is om tradisionele Afrika-ontwerpe met kontemporêre lyne saam te smelt.☑ Sy doel is om 'n modernistiese interpretasie van tradisionele stoele en bankies te skep om 'n Afro-futuristiese ontwerp te skep.☑ Tariku het in Ethiopië grootgeword en dit is hier waar hy Njalas vry sien rondloop het. Dit was die volwasse mangeslag Berg Njala met sy lang draaiende, majestieuse horings en die skoonheid van hierdie ontwykende wildsbokke wat Jomo Tariku se idees vir die Njala biomimikrie stoel **geïnspireer** het.☑ Dit is 'n handgekerfde driepoot-ontwerp wat in moderne, kontemporêre interieure pas.☑ 'n Ander belangrike doel is dat hierdie stoel verskillende liggaamtipes moet akkommodeer, nl. kort, lank, groot, klein. Vir hom, is ergonomie 'n belangrike beskouing om die balans te vind.☑

**'n Beskrywing van hoe tradisionele tegnieke/metodes en materiaal by die kontemporêre ontwerp toegepas is. Verwys na 'n spesifieke voorbeeld om jou antwoord te ondersteun:**

Die Njala stoele is gemaak van 'n natuurlikebron hout.☑ Die handgekerfdestoele kan ook van kiaathout gemaak word en met 'n gepoleerde, glansende swartvernis afgerond word.☑ Die endproduk lyk gekultiveerd en kontemporêr en boots die ebbehoutkleur van die Njalahoring na.☑



Sy handgekerfde ontwerpe is 'n eerbetoning aan Afrika omrede dit deur die vorms van tradisionele Boraati kopsteune geïnspireer is en is deur 'n meester- kunstvlyt-ambagsman gemaak is.☑ Die moderne, stroomlyn, gladdevorm met sy onversierde oppervlaktes maak dié ontwerp kontemporêr.☑ Die stoel toon eer aan die inheemse Njala wildsbokke wat in Ethiopië gevind is.☑


**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

**GEEN punte mag toegeken word vir die herhaling van ontwerper(s) en hul werk wat in die vraestel gebruik is nie.**

V5.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.2.1 + 5.2.2	1 + 2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.2.3	3
Middel Orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.1 + 5.2.2 + 5.2.3	1 + 3 + 4
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.2.2	3
	Evalueer, Reflekteer		5.2.3	1
	Sintetiseer, Regverdig		5.2.3	2

**VRAAG 6 [20 punte]**

6.1

**6.1.1 (Ken 2 punte toe)**

Afvalmateriaal wat op opvullingsterreine weggegooi sou word, is gebruik, dus maak dit seker dat die opvullingsterreine nie oorvol word nie.  Die afvalmateriaal of weggegooide hout wat gebruik is om die kabinette in FIGUUR M te maak verminder die behoefte om bome af te sny wat seker maak dat ons nie op ons suurstofvoorraad 'n impak maak nie.

**6.1.2 (Ken 2 punte toe)**

'n Paar ander wyses om omgewingsvriendelike ontwerpe te produseer is, by voorbeeld, die gebruik van bioafbreekbare papier, of volhoubare bamboes in plaas van plastiek, wat honderde jare neem om af te breek, om strooitjies en koffiekoppies te maak.  Deur die gebruik van herwinbare materiaal soos glas, papier of plastiek eerder as om nuwe materiaal te gebruik.  Deur die gebruik van ou motorparte of trok-bande om meubels te maak of vir die oefen in parkies of gimnasiums te gebruik.  Die gebruik van sonkrag-panele om krag te maak wat benodig is om die ontwerpe te produseer.

**6.2 Ken 16 punte in totaal toe, 8 punte per gevallestudie: 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die ontwerp, 5 punte vir die bespreking van die doelwitte, ontwerpprosesse, tegnieke en materiaal en 2 punte vir die bespreking van die ontwerpvoorbeeld en hoe dit omgewingskwessies aanspreek.**

**SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE OMGEWINGSONTWERPER:****Naam van die ontwerper/ontwerp-groep en een van hul ontwerpe:**

Witklipfontein Eko-Lodge deur argitekter Xavier Huyberechts en sy broer Damian (GLH Argitekter).

**Doelwitte, ontwerpprosesse, tegnieke en materiaal gebruik:**

GLH Argitekter se doelwit is om buitengewone, gladde geboue te skep wat deur minimalisme, asook deur volhoubare ideale en murasies in Afrika, beïnvloed is.  Die ontwerp is op 'n wêrelderfenisterrein, 'n eeue-oue krater, gebou. Hier vind ons 'n gesakte koepel, wat net deur 'n daklig of 'n okulus belig is, wat met grondge vulde sakke van die terrein, gebou is.  'n Mengsel van meel, water en 'n bietjie grond vir kleur, is by die modder en strooipleister afwerking bygevoeg.



Die moderne, eenvoudige, skoon ontwerp van die Eko-Lodge is oopplan met groot venters, deure en bobeukvensters. ☑ 'n Verskeidenheid van plaaslike bronmateriaal is in die eko-lodge gebruik (rooigrond bakstene is op die terrein gemaak). ☑ Boutegniese soos gepakte stene, saamgeperste grondvloere en mure, kalkgebleikte dennehout plafonne is die materiaal wat gebruik is. ☑.



**Bespreek EEN ontwerpvoorbeeld om te verduidelik hoe die ontwerper/ontwerpgroep omgewingskwessies aanspreek:**


Die Witklipfontein Eko-Lodge is op so 'n manier ontwerp en gebou dat teen die einde van sy lewe, dit weer deur die grond geabsorbeer sal wees, dit kan dus bioafbreekbaar genoem word. ☑ 'n Groen dak loop naatloos van die koppie oor die huis, 'n kombers van grond wat dit onsigbaar vanaf baie aansigte maak. ☑ Op die skuins dak is sonkrag-panele geïnstalleer om te help dat die huis self-onderhoudend is. ☑ Al die kaste was deur 'n plaaslike houtwerker, met growwe planke gemaak. ☑ Die granietvloere lyk asof hul deel van die aarde is en is in harmonie met die natuur. ☑ Die massiewe granietvloerblokke trek die hitte van die son in en straal oornag hitte binne-in die kamers, wat elektrisiteit bespaar. ☑ 'n Organiese gevormde eko-swembad sluit twee filtrasië-poele in met plante en grond om die water skoon te hou. ☑ Terwyl dit kristalskoon is, is dit ook heeltewel lewendig, en trek paddavisse, naaldekokers en voëls aan. ☑ Die omgewingsontwerp kamoefleer die lodge op 'n kreatiewe manier en help om dit te laat lyk asof dit deel van die omgewing is. ☑



**INTERNASIONALE KONTEMPORÊRE OMGEWINGSONTWERPER**

**Naam van die ontwerper/ontwerp groep en EEN van hul ontwerpe:**

Tim Teven, Herwinnings Verworpe-meubel projek (Nederlands). ☑



**Doelwitte, ontwerpprosesse, tegnieke en materiaalgebruik:**

Tim Teven se meubel ontwerpe is duidelik omgewingsvriendelik en energiebesparend omdat die blokke van papier van gesnipperde skermafval gemaak is, wat gekombineer is met 'n gom voordat dit saamgedruk word in 'n reeks gietvorms.☑

Die proses sluit eenvoudige stappe in en gebruik nie baie bronne nie. Die vesels wat nie vir papiermaak bruikbaar is nie, word uitgefiltreer gedurende die pulpproses. Dit beteken dat die weggooivesels skoongemaak van enige chemikalie, kosbestanddele of ink word.☑

Die finale materiaal kan op verskillende maniere gebruik word om 'n verskeidenheid oppervlakeffekte te skep. Tim Teven kies eerder om die materiaal in 'n rou vorm te los en dit skep 'n verskeidenheid toonwaardes en teksture in die finale produk.☑ Teven skep meubelprototipes wat rakke, banke en tafels insluit. Die monterproses is verbruikersvriendelik met vooruitgemaakte groewe en slote vir hout penne.☑ Die eindproduk is duursaam. Die Bauhaus en die modernistiese 'Minder is meer' filosofie kan as 'n invloed gesien word.☑

**Bespreek EEN ontwerpvoorbeeld om te verduidelik hoe die ontwerper/ontwerpgroep omgewingskwessies aanspreek:**

Die Smurfit Kappa herwinningsfasiliteit in Roermond verskaf Teven met die rou skermafvalmateriaal. Teven se finale ontwerp is 100% volhoubaar, omgewingsvriendelik en groen omdat alleenlik afvalpapiervesels gebruik word.☑ Die rou skermpapierafval is 'n redelike volhoubare bron.☑

Omdat die papier reeds skoon is as Teven dit oplaai, is geen chemikalieë in die proses nodig nie.☑ Die omgewingsontwerp kamoefleer die Lodge op 'n kreatiewe manier en help om dit te laat lyk asof dit deel van die omgewing is.☑ Die ontwerp is platgepak wat vervoerkostes spaar.☑

**Gee krediet vir enige ander geldige stellings.**

V6 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
<b>Laer Orde</b>	Onthou, Herroep, Herken	30%	6.1.1 + 6.1.2 + 6.2 6.2	1 + 1 + 2 2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			
<b>Middel Orde</b>	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.1.1 + 6.1.2 + 6.2	1 + 1 + 6
<b>Hoër Orde</b>	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	6.2 6.2 6.2	2 2 2
	Evalueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig			

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 100**